BETEKENIS VAN ICAR LIDMAATSKAP

deur Dr Pierre van Rooyen

Die geykte gesegde: "Om te meet, is om te weet" is so deel van die vooruitstrewende veeboer soos diesel in jou bakkie se tenk.

Indien hierdie metings, die verwerking daarvan en die oordeelkundige interpretasie en gebruik van die resultate, nie geloofwaardig is nie, kan die gevolge van die gebruik daarvan netso skadelik wees as om glad nie te meet nie. Dit is om hierdie rede dat Stamboek saam met 117 ander diere-aantekening organisasies van 59 lande, lid is van ICAR (International Committee for Animal Recording).

ICAR se Raad en Voorsitters van verskeie tersaaklike werksgroepe bestaan uit van die mees gerekende Veekundiges en Genetici van oor die hele wêreld. Hierdie persone, saam met afgevaardigdes van al die lede, kom een maal per jaar bymekaar om te konfereer oor die voorleggings en voorstelle wat deur die jaar van die verskillende werksgroepe ontvang word.

Hieruit word die ICAR-riglyne vir diere-aantekening, voortdurend opgedateer en in lyn gehou met die nuutste, dog prakties toepasbare, wetenskaplike bevindinge.

Een van ICAR se dienste is 'n kwaliteits-evaluering waaraan lede vrywillig kan deelneem. Dit behels 'n ter plaatse oudit van 'n lid-organisasie se rekenaarstelsels, aantekeningmetodes, data-verifikasie standaarde, verslae en terugvoer aan deelnemers. Hierdie streng oudit word deur internasionale kundiges gedoen en indien 'n organisasie slaag, ontvang dit die "ICAR Sertifikaat vir Kwaliteit".
Vir hierdie **kwaliteitskontrole** diens word 'n organisasie elke 5de jaar ter plaatse geouditeer en een keer tussen twee sulke oudits, ge-evalueer op grond van antwoorde op 'n lywige stel vrae met toepaslike motiverings.

SA Stamboek het in 2016 weereens 'n oudit geslaag en die "Sertifikaat vir Kwaliteit" vir al sy dienste ontvang. Hierdie sertifikaat is geldig tot 2019.

SA Stamboek is trots daarop om een van net 33 van die 117 ICAR lede wêreldwyd te wees wat 'n houer van hierdie sertifikaat is. Vir Stamboek se Bestuur is dit betekenisvol om te weet dat die dienste wat ons lewer, deur onafhanklike evaluering bevestig is dat dit aan internasionale standaarde voldoen.

Nog belangriker is egter die feit dat Stamboek se kliënte verseker is van geloofwaardige inligting as hulpmiddel tot die genetiese verbetering van die produksie-potensiaal van hul diere.